KRIT: 25/3/99

# Bloed loop dik deur intense are van dié kunswerke

Tentoonstelling: ***Bloedlyn: 'n Samewerking tussen skrywers en beeldende kunstenaars.*** **Kurator: Lien Botha.**

BLOED loop dik deur die intense tentoonstelling *Bloedlyn*, 'n samewerking tussen skrywers en beeldende kunstenaars.

Tien kontemporêre skrywers en visuele kunstenaars pak die tema van *Bloedlyn* in pare aan.

Een van die emosioneel treffendste werke is Anoeschka von Meck en Bertni Searle se eenvoudige, maar gelade installasie *Julle moet nou trek*, wat duidelik betrekking het op 'n groot Suid-Afrikaanse verhaal.

Afdrukke van liggame in (bloed)rooi sand, stemopnames (uit 1936) van verjaagde Boesmans (in Afrikaans en hul inheemse taal) skep 'n oorweldigende stemming van verlies, afwesigheid en uitgestrowenheid – van taalidentiteit en mense self.

Tog, wil Von Meck straks in haar meegaande gedig, *Trekslet*, vertel, loop daar 'n (bloed)lyn deur die taal, dalk deur bloed self. En een wat vandag kan sê: "Julle moet nou trek".

Lettie Viljoen en Fritha Langerman se reeks werke, onder die titel *'n Opening is 'n skeur*, is een van die suksesvolste kombinasies op die tentoonstelling. 'n Vyftal "vrouetipes" – moeder, dogter, minnares, koningin en maagd – word met woord en gevonde voorwerpe belig teen die agtergrond van die wetenskap – velde waar teks, objek en prent onlosmaaklik is.

*Bloedlyn* is nie "maklik" nie. Daar is 'n veelvlakkigheid wat kykers dae lank besig kan hou.

Dit is ook nie 'n "goedvoel"-tentoonstelling nie. Dit krap en is meermale vol oop eindes.

Daarom is *Bloedlyn* nie net belangrik binne die breë Suid-Afrikaanse kunsopset nie, maar, saam met De Kat se *Oos Wes Tuis Bes* vorm dit 'n mylpaal vir die visuele kunste op die fees. Dit wys wat bereik kan word wanneer kundiges aangestel word om as kurators 'n blik te lewer op die krag van kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns. – ***Cobus van Bosch***

**In die Principia Kollege.**